

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

NOVEMBER 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 B (merietegoedere te voorsien) ✓✓

1.1.2 A (styg) ✓✓

1.1.3 C (die makro-ekonomiese vermenigvuldiger) ✓✓

1.1.4 B (JSE Sekuriteitebeurs) ✓✓

1.1.5 A (die doeltreffende aanwending van hulpbronne) ✓✓

1.1.6 C (monopolis) ✓✓

1.1.7 A (bevorder ekonomiese groei) ✓✓

1.1.8 A (buitelandse werkloses) of C (struktureel werklose mense) ✓✓

1.1.9 B (meer gediversifiseerd raak) ✓✓

1.1.10 A (internasionale toerisme)✓✓ of C (gemeenskapstoerisme) ✓✓

1.1.11 A (fiskale beleid) ✓✓

1.1.12 B (vraag-trek-inflasie) ✓✓ (12 x 2) (24)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Mediumtermynbestedingsraamwerk ✓✓

1.2.2 Petrol ✓✓

1.2.3 Vaardigheidsondersteuningsprogram ✓✓

1.2.4 Stats SA ✓✓

1.2.5 Aardverwarming ✓✓ (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 E (Groot openbare korporasies word volgens besigheidsbeginsels bestuur) ✓✓

1.3.2 H (Die aankoop van vaste eiendom met die oog op werkskepping) ✓✓

1.3.3 A (Organisasie van Petroleumuitvoerlande – OPUL) ✓✓

1.3.4 D (Optimale toewysing van hulpbronne) ✓✓

1.3.5 G ('n Proses waardeur gemeenskappe van landelike gebiede na dorpe en stede toe trek)✓✓

1.3.6 F (Die belangrikste operasionele instrument wat deur die SARB gebruik word) ✓✓

1.3.7 B (Beskerming van die aarde se hulpbronne om toekomstige geslagte te ondersteun) ✓✓

1.3.8 C ('n Tarief op ingevoerde goedere opgelê om inflasie te beheer✓✓ (8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word.

2.1.1 Styging ✓✓

2.1.2 Devaluasie ✓✓

2.1.3 Tegnologie ✓✓

2.1.4 Faktor ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE faktore wat die vraag na buitelandse valuta kan beïnvloed.

- Invoer van goedere✓✓ aankoop van buitelandse goedere
- Dienste van buiteland aan 'n land bv. verskeping, versekering. ✓✓
- Betaling van rente en dividende op buitelandse kapitaal.✓✓
- Oordrag van kapitaal na buiteland✓✓ / buitelandse beleggings ✓✓ / depositos in buielandse bank
- wisselkoers spekulasie deur Suid-Afrikaners✓✓
- Toeriste/amptenare bestee geld in buiteland✓✓
- Betaling van paaiemente as terugbetalings op oorsese lenings.✓✓
- Uitvloei van die vergoeding van produksiefaktore ✓✓
- Die aankoop van SAR deur die SARB ✓✓
- Enige ander betalings aan buitland ✓✓ (Enige 3 X 2) (6)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder oor die berekening van BBP en beantwoord die daaropvolgende vrae.

2.3.1 **BBP** is die totale waarde van alle **finale goedere en dienste** ✓ wat **binne die grense** van 'n land geproduseer word✓ in 'n spesifieke periode.
BNP is die totale waarde van alle **finale goedere en dienste** ✓ wat deur die **permanente inwoners** van 'n land geproduseer is✓ in 'n spesifieke periode. (4)

2.3.2 Bruto Waarde Toegevoeg ✓✓ (2)

2.3.3 A = faktorkoste ✓✓
C = belasting ✓✓ (4)

2.3.4 R1 742 bn.✓+ R35 bn.✓– R6 bn.✓ = R1 771 bn. ✓
OF
R1 771 bn ✓✓✓✓ / 1 771 ✓✓✓✓ (4)

2.3.5 Vergoeding aan werknemers ✓✓✓ (3)

2.3.6 **Buitelanders dra meer by tot ons ekonomie as wat ons tot hulle land se ekonomie bydra**, daarom word daar meer van die BBP afgetrek as wat bygetel word. ✓✓✓
Aanvaar enige ander korrekte verduideliking (3)

2.4 Maak gebruik van die Laffer-kurwe, en verduidelik die verband tussen belasting en inkome.

Benoeming van asse = 2 punte Die aanduiding van draaipunt van kurwe = 1 punt Vorm van kurwe = 1 punt **Totaal** **= 4 punte**



- Die Laffer-kurwe toon die verband aan tussen belastingkoerse en belastinginkome wat deur die staat ingesamel word. ✓✓
- Die kurwe toon dat as belasting toeneem, staatsinkomste ook styg tot by 'n sekere punt (bv. t_2). ✓✓
- As die belastingkoers verder as t styg (bv. t_1) , sal daar 'n afname wees in belastinginkome ✓✓
- Teen 'n hoë belastingkoers is mense geneig om minder hard te werk. ✓✓
- As die belastingkoers 100% is, sal niemand werk nie, omrede al die inkomste dan aan die staat oorbetaal sal word. ✓✓
- Te hoe belastingkoerse sal lei tot ontduiking en vermeiding.✓✓
- Vermindering in belasting sal lei tot 'n vermindering in die voorkoms van belastingontduiking en vermeiding dit dien ook as 'n aansporing om harder te werk/spaar/investeer.✓✓
- As die belastingkoers 0% is, sal geen belastinginkomste gegenereer word nie ✓✓
- Ekonome gebruik dit om 'n vermindering in inkomstebelasting te regverdig. ✓✓
- Die draaipunt van die kurwe toon die punt aan waar die staat se inkomste uit inkomstebelasting maksimum is. ✓✓
- Hierdie punt kan wissel van land tot land – die Laffer-kurwe is nie altyd simmetries nie – dit kan 'n piek bereik op 40% of selfs op 90%. ✓✓
- Bewyse dui daarop dat die belastingkoers in die meeste lande onder t is. ✓✓
- In Suid-Afrika is persoonlike inkomstebelasting en maatskappy-belasting oor die afgelope dekade verminder. ✓✓ (Maks 6 x 2) (16)

[50]

VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord tussen hakies:

3.1.1 Homogeneen ✓✓

3.1.2 Interne ✓✓

3.1.3 Nie-betalers / parasiete✓✓

3.1.4 Kollektiewe ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 Noem enige DRIE voorbeelde van negatiewe eksternaliteite wat deur industriële ontwikkeling veroorsaak word.

- Lugbesoedeling✓✓
- Water besoedeling✓✓
- Geraasbesoedeling✓✓
- Omgewing- / land- / ligbesoedeling✓✓
- Aardverwarming. ✓✓
- Sosiale probleme misdaad✓✓
- Verkeer neem toe / verkeersopeenhopings beskadiging van paaie ✓✓
- Habitats van plante en diere word vernietig/ degradering van omgewing / minder grond beskikbaar vir landbou ✓✓
- Informele nedersettings / plakkery ✓✓/ oorbevolking
- Hervestiging van gemeenskappe ✓✓
- Blokkering van roetes✓✓
- Ongelukke agv verkeerspatrone✓✓ (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

3.3.1 'n Mark is 'n plek of toestand ✓ wat kopers en verkopers ✓ van 'n goed of diens saambring. om die prys en hoeveelheid te bepaal✓ (3)

3.3.2 Volmaakte kompetisie / Volmaakte mark. ✓✓
Waar: P_1 / OP_1 (Markprys) = MK = MI = GI / Vraagkurwe is horisontaal / parallel met hoeveelheidsas ✓✓✓ (5)

3.3.3 Markprys = P_1 / OP_1✓✓ (2)

3.3.4 E_3 / waar MK = MI waar MK die GVK sny op sy onderste draaipunt ✓✓ (2)

3.3.5 Korttermynewewig – Die periode is te kort en is moontlik om die hoeveelheid van minstens een inset te verander. Alle ander insette is vas. / Vraag = Aanbod / Ekonomiese wins of verlies ✓✓
Langtermynewewig – Hier is daar geen vaste insette, alle insette is veranderlik. Die tydperk is lank genoeg om die insette te verander. Besighede kan slegs normale wins maak ✓✓ (4)

3.3.6 Ekonomiese verlies / verlies ✓✓✓✓ (4)

3.4 Verduidelik openbare goedere en onvolmaakte mededinging as redes vir markmislukking.

OPENBARE GOEDERE:

- Markte is dikwels onvolmaak in die lig daarvan dat hulle nie kan voldoen aan die vraag wat daar na 'n bepaalde goed bestaan nie. ✓✓
- Dit word nie deur die prysmeganisme voorsien nie omrede produsente nie die goed kan terughou in gevalle waar daar nie vir die produk betaal word nie, daar is geen manier om uit te vind hoeveel elkeen daarvan gebruik nie. ✓✓
- Daar is geen basis vir prysvasstelling nie. ✓✓
- Nie-mededingend - die verbruik deur een person verminder nie die verbruik deur 'n ander person nie bv. Lighuis✓✓
- Nie-uitsluiting verbruik kan nie beperk word tot slegs die mense wat betaal nie (nie-betalers/free-riders) bv. Radio en TV in Suid-Afrika✓✓
- Sosiale voordeel oorskrei privaat voordeel / Merietegoedere✓✓ bv. gesondheidsorg en onderwys.✓✓
- Onbeperkte verbruik, indien dit eers gebruik is sal die grenskoste om dit te voorsien 0 wees. bv verkeersligte.✓✓
- Nie-weiering✓✓ individue is nie instaat om hulself te weerhou van die verbruik daarvan nie. bv.straatligte.✓✓
- Die staat moet die goedere voorsien deur die hef van belasting.✓✓ Maksimum 4 punte vir voorbeelde.

(Aanvaar enige ander relevante antwoord/feit). (Maks 4 x 2) (8)

ONVOLMAAKTE MEDEDINGING:

- In markekonomieë word kompetisie dikwels verongeluk deur mag.✓✓
- Mag word in 'n groter mate gevind by produsente eerder as by verbruikers ✓✓
- Die meeste besighede funksioneer onder toestande van onvolmaakte mededinging wat hulle toelaat om uitset te beperk. ✓✓Bv Monopolie,ologopolie en duopolie.✓✓
- Verhoog pryse en produksie tot by punt waar pryse grenskoste oorskrei. ✓✓
- Hulle kan ook verhoed dat nuwe besigheid die industrie binnekom.✓✓
- Bv.Besighede het die tegnologie om langlewe gloeilampies te produseer vir 'n tydperk voordat hulle op die mark gaan daarmee.✓✓
- Tegnologie wat motors instaat stel om met ander brandstof as fosielbrandstof te ry.✓✓
- Dit is debateerbaar dat genesing vir gewone verkoue maklik op die mark sal verskyn.✓✓
- Onvolmaakte markte slaag nie daarin om tegniese an allokeerbare effektiwiteit te bereik nie.✓✓
- Die modern mark laat nie altyd prys onderhandelinge toe nie.✓✓
- Advertensie word dikwels gebruik om produsent soevereiniteit te bevorder.✓✓ (Maks 4 x 2) (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

4.1.1 Dualistiese ✓✓

4.1.2 Voedsel ✓✓

4.1.3 Kwotas ✓✓

4.1.4 Reële BBP ✓✓ (4 x 2) (8)

4.2 Noem enige DRIE gebruike van per capita-inkomesyfers.

- Om ekonomiese ontwikkeling aan te dui ✓✓
- Om lewenstandaard aan te dui / welvaartsvlakke / armoede vlakke✓✓
- Om lewenstandaarde te vergelyk ✓✓

(Enige ander relevante feit rakende lewenstandaard) (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

4.3.1 KMMO ✓✓
SEB ✓✓ (2 X 2) (4)

4.3.2
- Finansiële bystand /hulp / Lenings of subsidies / R250 miljoen waagkapitaal ✓✓
- Meer kleiner beleggings ✓✓
- Werkskepping ✓✓
- Vaardigheidsontwikkeling ✓✓
- Stygende ekonomiese aandeel ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3 *Ekonomiese groei* bestaan uit **groei van die reële BBP** /en impliseer 'n **toename in die kapasiteit van die ekonomie** om meer goedere en dienste te produseer. ✓✓✓
Ekonomiese ontwikkeling bestaan uit **groei in die reële per capita- inkomste** en impliseer 'n **styging in die lewenstandaarde** van die bevolking. ✓✓✓
(Aanvaar enige ander relevante definisie.) (2 x 3) (6)

4.3.4 " … ondersteun klein besighede om werksgeleenthede te skep …" / "… poog om werksgeleenthede te skep, SEB in te bring en vaardighede te ontwikkel …" / " …om hul selfopgelegde doelwit van werkskepping en armoede- verligting te bereik …" / " … groter aantal kleiner beleggings …" / "...SEB maatskappye is verantwoordelik vir meer as twee derdes van maatskappye wie se leningsaansoeke goedgekeur is."✓✓✓ (Enige 1 x 3) (3)

4.3.5 OBSA ✓✓✓ (3)

4.4 Bespreek BBP en indiensneming as ekonomiese aanwysers.

BBP:

- BBP die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land geproduseer word in een jaar. ✓✓
- Meet totale produksie binne 'n ekonomie ✓✓
  BBP – BBPo / BBPo x 100/1✓✓
- 'n Toename in die BBP sal ekonomiese groei veroorsaak ✓✓
  Is 'n aanduiding van:
- ekonomiese groei ✓✓
- relatiewe belangrikheid van die verskillende sektore in die ekonomie✓✓
- ekonomiese groei in Suid-Afrika in vergelyking met die groei in ander lande. ✓✓
- Reële BBP meet die groeiprestasie van 'n ekonomie ✓✓ Reele BBP = BBP aangepas met die inflasiekoers ✓✓
- Reële BBP word gebruik in vooruitskatting ✓✓
- Reële BBP word gebruik om sakesiklusse te beskryf ✓✓
- Per capita reële BBP word gebruik om ekonomiese ontwikkeling aan te dui, dit dui lewenstandaarde aan, dit vergelyk lewenstandaarde ✓✓

(Maks 4 x 2) (8)

Indiensneming:

- Volle indiensname verwys na 'n punt in die ekonomie waarna gestrewe word waar almal wat bereid is om te werk reeds teen huidige loonkoerse in diens geneem is. ✓✓
- Toename in indiensneming voorkom verlies van produksie – produseer meer goedere en dienste. ✓✓
- Werkloosheid word bereken deur die aantal mense wat bereid is om te werk, en in staat is om te werk maar nie werk kan kry nie, uit te druk as 'n persentasie van die totale aantal mense wat bereid is en in staat is om te kan werk. (EBB) / ✓✓
- Indiensnemingskoers – word bereken deur die aantal persone wat in diens geneem is, uit te druk as 'n persentasie van die EEB✓✓ arbeidsmagdeelnamekoers ✓✓
- Indiensneming is belangrik vir:
- die berekening van tendense – indiensneming in verskillende sektore✓✓
- die berekening van produktiwiteit /werkloosheid/indiensnemingskoers ✓✓
- die bepaling van ekonomiese suksesse ✓✓ (Maks 4 x 2) (8)

[50]

VRAAG 5

5.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

5.1.1 Internasionale ✓✓

5.1.2 VPI ✓✓

5.1.3 Openbare ✓✓

5.1.4 Stagflasie✓✓ (4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE oorsake van vraag-trek-inflasie.

- Algemene publiek is nie spaarbewus nie.✓✓
- Mense spandeer meer en verhoog verbruik.✓✓
- Onvoldoende besparing vir noodsaaklike kapitaalinvestering.✓✓
- Die algemene publiek spandeer spandabelrig.✓✓
- Toename in staatsbesteding, sonder 'n ooreenstemmende styging in produktiwiteit. ✓✓
- 'n Toename in die geldvoorraad sonder 'n ooreenstemmende styging in produksie.✓✓ Meer geld mag jag op minder goedere✓✓
- Maklike beskikbaarheid van krediet. ✓✓
- Hoër uitvoere, sonder toename in binnelandse produksie. ✓✓
- Styging in besteebare inkomste – (vermindering van belasting,rentekoerse) (Enige 3 X 2) (6)

5.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.

5.3.1 Monetêre Beleid ✓✓ (2)

5.3.2 Monetêre Beleidskomitee ✓✓ (2)

5.3.3 Privaatsverbruiksbesteding moet verminder. ✓✓✓
Die vraag na goedere en dienste (makrovraag) moet afneem. ✓✓✓
Beperk die toestaan van krediet – lenings. ✓✓✓
Aanvaar enige ander relevante feit. (Enige 1 x 3) (3)

5.3.4 3% – 6% ✓✓✓ (3)

5.3.5
- Ekonomiese deelnemers se vraag na geld neem af, dit sal die SARB noodsaak om die aanbod van geld te verminder. ✓✓
- Besparing sal toeneem. ✓✓
- Paaiemente op verbande sal toeneem. ✓✓
- Ontmoedig die leen van geld by banke. ✓✓
- Privaat verbruiksbesteding sal afneem. ✓✓
- Verlies aan werksgeleenthede ✓✓
- Inflasiekoers neem af.✓✓
- Toename in buitelandse en binnelandse investering.✓✓

(Enige 3 X 2) (6)

5.3.6

- Ongunstige wisselkoerse ✓✓
- Inflasie ✓✓
- Styging in verbruiksbesteding ✓✓
- Verandering in verbruikers se smake en voorkeure. ✓✓
- Oormatige krediet toegestaan✓✓
- Energie /elektrisiteit prysverhogings ✓✓
- Ru-olie en verwante prysstygings bv petrol,diesel en parafien✓✓
- Salaris eise ✓✓
- Daling in voedselproduksie ✓✓
- Volgehoue tekort op die lopende rekening van die BOP✓✓

(Aanvaar enige ander relevante feite) (Enige 2 x 2) (4)

5.4 Bespreek enige TWEE onlangse internasionale ooreenkomste ten opsigte van omgewingsvolhoubaarheid.

INTERNASIONALE OOREENKOMSTE

- **1992: UNCED** ✓✓
- **1992: Montreal Protocol on Substances that Deplete the Ozone Layer** ✓✓
- **1992: Convention on Biological Diversity** ✓✓
- **1992: Framework Convention on Climate Change** ✓✓
- **1992: Convention to Combat Desertification** ✓✓
- **1996: Habitat II Conference in Istanbul** ✓✓
- **1997: Kyoto Protocol on Climate Change in Bonn in Germany** ✓✓

- **Aardeberaad / Rio de Janeiro** ✓✓
  - Ook genoem die UNCED (Verenigde Nasies se Konferensie oor die Omgewing en Ontwikkeling), gehou in Junie 1992.✓✓
  - Die doel met die Aardeberaad was om 'n reeks doelwitte daar te stel, die vasstelling en ondertekening van 'n aantal konvensies en verdrae rakende die agteruitgang van die wêreldwye omgewing.✓✓
  - Agenda 21 as aksieplan wat voortspruit uit die Aardeberaad. ✓✓
  - **Agenda 21** skets detail sleutel-kwessies om volhoubare ontwikkeling moontlik te maaki – ingeslote kwessies loos hulpbronbestuur, bevolkingsgroei, gesondheid en armoede ✓✓
  - Gemik op die volhoubare ontwikkeling en beskerming van die omgewing.✓✓
  - Grootste waarde van die beraad is dat dit lande oor die wêreld bewus maak van gevare wat nievolhoubare ontwikkeling inhou vir individuele lande en die hele wêreld.✓✓
  - Die bedreiging wat omgewingsprobleme inhou is wêreldwyd erken en lei tot 'n afname in aardverwarming. ✓✓ (Maks enige 4 X 2)
- **Johannesburg Wêreldberaad rakende Volhoubare Ontwikkeling** ✓✓
  - Grootste beraad in die land sedert die Rio de Janeiro-beraad, 10 jaar vroeër. ✓✓
  - Fokus op WEGLB – water, elektrisiteit, gesondheid, landbou en biodiversiteit.✓✓
  - Omgewingskwessies van Afrika is ook beklemtoon, naamlik om die

toeganklikheid tot skoon water te verbeter en die stryd teen die HIV/Vigs-pandemie.✓✓

- Die Beraad was 'n groot sukses met lande wat hulself verbind het tot 'n verskeidenheid aksies, naamlik verbetering van water en sanitasie en om die oorsake van swak gesondheid aan te spreek.✓✓
- Armoede beveg ✓✓
- Verander onvolhoubare patrone van verbruiksbestding ✓✓
- Globalisering ✓✓
- Gesondheid ✓✓
- Die omgewing ✓✓ (Maks enige 4 X 2)

- **Kyoto Protokol ✓✓**
  - Ooreenkoms wat handel oor die probleme van aardverwarming.✓✓
  - Dit is 'n handleiding of aksieplan wat teikens stel vir ontwikkelde lande om die vrystelling van aardgasse tot 7% te verminder voor 2010.✓✓
  - Onderteken deur 141 nasies, ingesluit alle Europese en ander ontwikkelde lande, buiten VSA en Australië✓✓
  - Om dit te bereik het lande beheer geplaas op die vrystelling van kweekhuisgasse deur die grootste besoedelaars, groot maatskappye. ✓✓ (Maks enige 4 X 2) 16)

(Aanvaar huidige/jongste ooreenkomste) **[50]**

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

6.1.1 Omgekeerde ✓✓

6.1.2 Hersirkulering ✓✓

6.1.3 Inheemse ✓✓

6.1.4 Konstante ✓✓ (4 x 2) (8)

6.2 Noem enige DRIE redes waarom lande in die Noordelike Halfrond meer ontwikkeld is as lande in die Suidelike Halfrond.

- Per capita-inkome is hoër ✓✓
- Lewensverwagting is hoër✓✓
- Onderwys (geletterdheid) is beter/hoër ✓✓
- Beter tegnologie ✓✓
- Beter tegniese vaardighede✓✓
- Armoede is minder ✓✓
- Ekonomiese groei is groter ✓✓
- Hoe vlak van produktiwiteit✓✓
- Handel word deur hulle beheer ✓✓ (80%)
- Uitbuiting vanlande in die suidelike halfrond
- Politieke stabiliteit
- Beter infrastruktuur
- Struktuurverskille / industrialisasie
- Sosio ekonomiese vlakke verskil
- Geografiese verskille✓✓
- Maklike toegang tot kapitaal✓✓

Aanvaar ook indien kandidaat argumnenteere vanuit 'n Suid/Noord perspektief (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

6.3.1 Volhoubaarheid – verwant aan die omgewing, beteken hou die omgewing in stand vir toekomstige generasies/langtermyn-voortbestaan. Enige ander relevante feit. ✓✓ (2)

6.3.2
- Koop aan vanaf onwettige verskaffers ✓✓
- Produkte kan nie teruggespoor word tot by bron nie. ✓✓
- Roofvisvang ✓✓
- Wanbestuur ✓✓
- Oorbenutting ✓✓
- Ongereguleerde en onaangetekende visvangs ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

6.3.3
- Biologiese besoedeling ✓ diere en plantespesies kan verander of ly as gevolg van swak gesondheid as gevolg van die storting van rioolafval in riviere/see. ✓✓
- Chemiese besoedeling ✓ die effek van olie-lekkasies op strande of fabrieksafval. ✓✓
- Grondbesoedeling ✓ sluit in sigbare afval en rommel asook besoedeling binne-in die grond. ✓✓
- Waterbesoedeling ✓ wat verband hou met see- en varswater bersoedeling ✓✓ (Enige 2 x 3) (6)

6.3.4
- Volhoubare visvangpraktyke ✓✓
- Verantwoordelike akwa kultuurontwikkeling ✓✓
- Onderwys ✓✓
- Groter investering in omgewingsvolhoubaarheid ✓✓
- Nasionale bewusmakingsprogram ✓✓

Enige ander relevante opinie (Enige 2 X 2) (4)

6.3.5
- Onwettige visvangboetes ✓✓
- Die uitreiking van permitte ✓✓
- Strenger wetstoepassing✓✓
- Die uitreiking van kwotas ✓✓

Aanvaar enige ander relevante feit (Enige 2 x 2) (4)

6.4 Bespreek die **<u>toepaslikheid</u>** van Suid-Afrika se nasionale nywerheidsontwikkelingsbeleid.

- Bevorder investering in fisiese en menslike kapitaal✓✓ – menslike kapitaal en goeie vaardigheidsbasis om internasionale besighede na SA te lok en om langtermyn ekonomiese groei te verseker✓✓ skep 'n sterk basis vir produktiwiteitsensitiwiteit, want vaardige werkers is meer produktief.✓✓
- Moedig navorsing en ontwikkeling aan, bevorder innovasie,✓✓ beskerm intellektuele eiendom, verseker meer effektiewe gebruik van patente en kopiereg✓✓ moedig besighede aan om nuwe produkte te ontwikkel en hulself te verbind tot intensiewe en gefokusde navorsing.✓✓
- Ondersteunende tegnologie ✓✓ moedig besighede aan om wetenskaplike en tegnologiese kennis toe te pas om produkverbetering en produksie-prosesse te verseker ✓✓die staat het tegnologie-inkubators/-broeikaste ontwikkel – dié produkte en produksieprosesse verleen komparatiewe voordeel en verbeter uitvoergeleenthede. ✓✓
- Dwing mededingendheid af – ✓✓ verbeter markdoeltreffendheid ✓✓ en verseker sterk en soepel besighede. ✓✓
- Investering in fisiese infrastruktuur✓✓ sluit in onderhoud, instandhouding, verbetering en uitbreiding van infrastruktuur. ✓✓
- Dit is duidelik dat lande wat die vinnigste geindustrialiseer is grootskaalse, industiele beleide toegepas het wat nou geintegreer was met verwante beleide.✓✓

Suid-Afrikaanse beleide het sedert 1994 'n aantal suksesse beleef:

- Toegang tot market deur Suid-Afrikaanse produsente was verseker deur die trugkeer tot die WHO, en twee groot handelsooreenkomste met die EU die Suid-Afrikaanse Ontwikkelings Program (SADP)✓✓
- SA het 'n lewendige motor industrie agv die Motor Industrie Ontwikkelings

Program (MIDP)✓✓

- SEB het 'n fundamentele werklikheid geword wat sake in SA doen.✓✓
- Die land se tegnologie programme (Ondersteunings Program vir Industriele Inovasie (SPII) en Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir Indusriele Programme (THRIP) het noemenswaardige suksesse beleef.✓✓
- Ontwikkelings finansiering by die IOK het 'n waardevolle rol gespeel met werkskeppings projekte.✓✓

Die industriële beleid moet in die volgende aereas versterk word:

- **Nywerheidsfinansiering** word vereis ten einde SA se industrialiserings uitdaging die hoof te bied.✓✓
- Dit is nodig om uitdagings en geleenthede van die onderskeie **sektore** te identifiseer.✓✓
- **Handelsbeleid**. Dit is nodig vir SA om bande te versterk met groot ekonomie soos China,US en Indie.✓✓
- **Prys en kompetsiebeleid**. Dit moet versterk word om die uitdagings wat hoe vlakke van industrialisasie en teen kompetisie gedrag bied, die hoof te bied.✓✓
- Die bevordering van ROI's bleik nie om dramatiese ekonomiese transformasie in hul areas teweeg te bring nie.✓✓
- Oprigting van NOS'e was baie stadig.✓✓
- Sover dit industriele ontwikkeling aanbetref het die fokus verskuif na KMMO's wat dikwels meer geskik is vir plaaslike toestande.✓✓

(Aanvaar enige ander relevante voorstel) (Enige 8 X 2) (16)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

I. Opstelantwoorde:

- Behoort 'n inleiding, inhoud en gevolgtrekking in te sluit.
- Vir die inleiding en gevolgtrekking sal 5 punte toegeken word.
- 'n Verdere 5 punte sal toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.

II. Nie-opstelantwoorde:

- Kan die volgende insluit: Formele briewe, notules, rapporte of memorandum.
- 'n Verdere 5 punte sal toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Verdere 5 punte sal toegeken word vir die formaat.
- 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.

VRAAG 7

OPSTELANTWOORD

Verduidelik met behulp van 'n goed benoemde diagram hoe die verskillende sakesiklusaanwysers in vooruitskatting gebruik kan word.

INLEIDING

Akkurate vooruitskatting is nie moontlik in Ekonomie nie. Die beste wat ekonome kan doen, is om te voorspel wat moontlik kan gebeur. Daar is 'n aantal tegnieke wat beskikbaar is wat ekonome kan help om sakesiklusse te voorspel bv. ekonomiese aanwysers, tendenslyne, ens. ✓✓✓ **Maks 3**
(Aanvaar enige ander relevante inleiding)

INHOUD



Benoeming van asse	= 2 punte
Amplitude	= 2 punte
Lengte van siklus	= 2 punte
Tendenslyn	= 2 punte
Vorm van siklus	= 2 punte
Maksimum	**= 8 punte**

SAKESIKLUSAANWYSERS:

1. LEIDENDE/VOORAANWYSERS ✓✓

- Dit is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander.✓✓
- Dit gee vir verbruikers, sakeleiers en beleidmakers ‘n aanduiding van waarheen die ekonomie op pad is.✓✓
- Wanneer die aanwysers styg, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook binne ‘n paar maande styg. ✓✓
- Bv. Vakature advertensiespasie/voorraadvlakke/verkoopsverhoudings✓✓
- Grafiek op leidende aanwysers ✓✓

Maks 6

2. SLOERENDE EKONOMIESE AANWYSERS ✓✓

- Die aanwysers verander nie van rigting voordat die sakesiklus reeds van rigting verander het nie. ✓✓
- Hulle bevestig die gedrag van samevallende aanwysers. ✓✓
- Bv. Die waarde van groothandelverkope van masjinerie ✓✓
- Wanneer die sakesiklus die piek bereik en met die afname/daling begin, dan is ons in staat om die waarde van die verkope van nuwe masjinerie te voorspel ✓✓
- Grafiek op sloerende aanwysers ✓✓

Maks 6

3. SAMEVALLENDE EKONOMIESE AANWYSERS ✓✓

- Die aanwysers beweeg saam met die ekonomie. ✓✓
- Dit dui die werklike staat van die ekonomie aan. ✓✓
- Bv. Die waarde van kleinhandelverkope. As die sakesiklus die piek bereik en begin afwaarts daal, sal kleinhandelverkope ook ‘n piek bereik en begin daal. ✓✓

Maks 6

	Saamvallende aanwysers	**Nalopende aanwysers**
• Netto nuwe maatskappye geregistreer • Aantal nuwe motors verkoop • Netto goud en ander buitelandse reserwes • Aantal nuwe planne vir woonhuise goedgekeur • Aandeelpryse • Reële uitvoer van goedere (goud uitgsl) • Bruto bedryf surplus as % van BBP • Arbeidsproduktiwiteit in vervaardiging • Werkadvertensies in die Sunday Times • Produkpryse in VSA$ vir 'n mandjie van SA se uitvoerprodukte • Meningsopname oor voorraad met betrekking tot vraag-vervaardiging en handel. • Meningsopname oor sakevertroue: vervaardiging, konstruksie en handel • Meningsopname oor volume bestellings in vervaardiging • Meningsopname oor die gemiddelde ure wat 'n fabriekswerker in die vervaardiging sektor werk.	• Geregistreerde werklooses. • Fisiese volume vervaardigde goedere. • Reële kleinhandelverkope • Reële hoeveelheid handelsware ingevoer. • Benutting van vervaardigingskapasiteit • Bruto toegevoegde waarde @ konstante pryse uitegsluit landbou,bosbou en visserye • Industriële produksie indeks. • Waarde van kleinhandel, groothandel en nuwe voertuigverkope teen konstante pryse • Totale formele nie-landbou indiensname	• Totale formele nie-landboukundige werk -verskaffing. • Ure gewerk in konstruksie • Groothandel verkope van metaal masjienerie en toerusting. • Aantal kommersiële voertuie verkoop • Reële investering in masjienerie en toerusting. • Eenheidskoste van arbeid in die vervaardiging. • Sementverkope in ton. • Waarde van nie-residensiele eiendomme voltooi teen konstante pryse • Prima oortrekkingskoers

4. LENGTE ✓✓
   - Is die tyd wat dit neem vir 'n sakesiklus om deur een volledige siklus te beweeg (gemeet van piek tot piek/trog tot trog) ✓✓
   - Bv. Nuttig om die lengte te weet, want die lengte bly relatief konstant oor tyd. ✓✓
   - As 'n sakesiklus oor 10 jaar strek, kan 'n mens voorspel dat dit 10 jaar sal neem vir opeenvolgende pieke/trôe om deur die siklus te beweeg.✓✓
   - Hoe langer die sikluslengte hoe sterker is die siklus……
   - Siklusse kan verbyskiet……. **Maks 6**

5. AMPLITUDE✓✓
   - Dit is die verskil tussen totale uitset tussen 'n piek en 'n trog. ✓✓Die amplitude meet die afstand wat 'n veranderlike vanaf die tendenslyn ossileer.
   - 'n Groot amplitude tydens 'n opswaai dui op sterk onderliggende kragte wat 'n langer siklus tot gevolg sal hê. ✓✓
   - Hoe groter die amplitude hoe meer ekstreem sal die veranderinge wees wat in **(5)**

[50]

die ekonomie sal voorkom. ✓✓ Bv. Gedurende die opswaai sal inflasie van 5% tot 10% toeneem. (100% styging) ✓✓ **Maks 6**

6. NEIGING/TENDENS ✓✓

- 'n Neiging is die beweging in 'n algemene rigting van die ekonomie. ✓✓
- Dit het normaalweg 'n positiewe helling, omrede die produksiekapasiteit van die ekonomie oor tyd toeneem. ✓✓
- Bv. Die diagram hierbo illustreer 'n groeiende ekonomie – daarom 'n opwaartse neiging.✓✓
- Neigings is nuttig omrede dit die algemene rigting van die ekonomie aandui – dit dui die koers van toename of afname in die vlak van uitset aan. ✓✓

Maks 6

7. EKSTRAPOLASIE ✓✓

- Voorspellers gebruik historiese data bv. Tendense, en aanvaar dat die tendens sal voortduur, en word die vooruitskatting oor die toekoms gemaak. ✓✓
- Bv. As dit duidelik word dat die sakesiklus deur 'n trog beweeg het en in 'n voorspoedfase in, kan ekonome voorspel dat die ekonomie vir die volgende maande sal groei.✓✓
- Dit word ook gebruik om ekonomiese vooruitskattings op ander terreine van die ekonomie te maak, bv. die vooruitskatting van toekomstige aandelepryse. ✓✓

Maks 6

8. BEWEGENDE GEMIDDELDES ✓✓

- Dit is 'n statisties analitiese instrument wat veranderinge wat voorkom ontleed in 'n tydreeks van data oor 'n sekere periode. ✓✓
- Bv. Bewegende gemiddeldes kan bereken word oor die laaste drie maande en sodoende in staat kan wees om geringe fluktuasies uit te stryk. ✓✓
- Dit word bereken om klein fluktuasies uit te stryk en om langtermynneigings/ tendense in die sakesiklus bloot te lê.✓ **Maks 6**

Inhoud maks: 32

GEVOLGTREKKING

Sakesiklusse sal voorduur om in die toekoms 'n invloed te hê op die ekonomiese welstand van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Alhoewel ons die oorsake van sakesiklusse verstaan en hoe die ekonomie reageer op sekere beleid, is dit buite ons vermoë om die sakesiklusse in die toekoms akkuraat te voorspel. ✓✓ **Maks 2**

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp, maar laat belangrike aspekte van die onderwerp uit. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek, maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek, en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

VRAAG 8

OPSTELANTWOORD

Ondersoek die monopolie as markstruktuur en vergelyk dit kortliks met die volmaakte mark.

INLEIDING

Die belangrikste organisatoriese kenmerke van 'n mark (bv. aantal verkopers/kopers, 'n mate van produkdifferensiasie, beskikbaarheid van markinligting) word markstruktuur genoem.✓✓✓
OF
Is 'n markstruktuur waar daar slegs EEN verkoper van 'n goed of diens is, daar bestaan geen naby plaasvervanger nie en toegang tot daardie mark is geheel en al geblokkeer. ✓✓✓ (Maks 3)

INHOUD

MONOPOLIE AS MARKSTRUKTUUR

Aantal firmas ✓✓

- Waar die volmaak mededingende nywerheid bestaan uit 'n groot aantal klein firmas, bestaan die monopolies slegs uit een enkele firma. ✓✓
- Die monopolie is ook die nywerheid. ✓✓
- Voorbeeld: Eskom ✓✓of De Beers – diamant-verkope ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante voorbeeld) ✓✓

- *In die volmaakte mark is daar 'n groot aantal firmas* ✓✓

Aard van produk ✓✓

- Die produk is uniek met geen naby substitute nie. ✓✓
- Voorbeeld: diamante is uniek ✓✓

- *In die volmaakte mark word slegs homogene produkte verkoop* ✓✓

Marktoetrede ✓✓

- Verwys na hoe maklik of moeilik dit vir besighede is om toe- of uit te tree uit die mark ✓✓
- Is totaal geblokkeer. ✓✓
- Aantal toegangsbelemmerings wat monopolieë laat ontstaan is:
  - Ekonomieë van skaal✓✓
  - Beperkte grootte van die mark✓✓
  - Eksklusiewe eienaarskap van grondstowwe ✓✓
  - Patente ✓✓
  - Lisensiëring ✓✓
  - Alleenreg ✓✓
  - Invoerbeperkings ✓✓

- *In die volmaakte mark is totale vryheid van toe- en uittrede* ✓✓

Markinligting ✓✓

- Dit verwys na inligting oor marktoestande aan markdeelnemers. ✓✓
- Alle inligting oor marktoestande moet beskikbaar wees aan beide kopers en verkopers. ✓✓
- Dit beteken dat daar geen onsekerhede bestaan nie ✓✓
- Hierdie aanname is ook van toepassing op die monopolie. ✓✓

- *In die volmaakte mark het beide verkopers en kopers volledige kennis oor alle heersende marktoestande* ✓✓

Beheer oor die prys ✓✓

- 'n Volmaak-mededingende besigheid het geen beheer oor die prys van sy produk nie, en is daarom 'n prysnemer. ✓✓
- In die geval van 'n monopolie is daar aansienlike prysbeheer, maar beperkte markvraag en die doelwit van winsmaksimering ✓✓

- *In die volmaakte mark sal geen individuele koper of verkoper in staat wees om die markprys te beïnvloed nie* ✓✓

Vraagkurwe vir die firma se produk ✓✓

- Dis gelyk aan die markvraagkurwe ✓✓
- Afwaartse neiging van links na regs ✓✓

- *In die volmaakte mark neig die markvraagkurwe afwaarts van links na regs, maar die individuele besigheid kan nie die markprys beïnvloed nie en sy vraagkurwe is die werklike markprys geneem – horisontaal tot die hoeveelheid-as*✓✓

Langtermyn ekonomiese wins ✓✓

- Kan positief wees ✓✓
- Omdat nuwe toetreders geblokkeer word, en korttermyn ekonomiese wins dus nie verminder kan word deur nuwe mededingende firmas wat toetree tot die nywerheid nie ✓✓
- Die monopolie kan dus voortgaan om 'n ekonomiese wins te genereer solank as die vraag na sy produk onaantasbaar bly ✓✓

- *In die volmaakte mark sal ekonomiese wins nie bestaan oor die lang termyn nie.*✓✓

Vir 'n bespreking alleenlik

Enige 5 x 6 (30) – bespreking van monopolie

Enige 5 x 2 (10) – vergelyking met volmaakte mark

'n Maksimum van 12 punte kan toegeken word vir grafieke – 28 punte vir bespreking





Bostaande grafieke kan gebruik word in bespreking en vergelyking:

- ♥ Aantal firmas
- ♥ Beheer oor die prys
- ♥ Vraagkurwe vir besigheid se produk





Bostaande grafieke kan gebruik word in bespreking en vergelyking:

- ♥ Ekonomiese wins oor die langtermyn





Bostaande grafieke kan gebruik word in bespreking en vergelyking:

- ♥ Ekonomiese verlies

SAMEVATTING

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat gesonde kompetisie bydra tot 'n goed unksionerende markstruktuur. ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander relevante samevatting.)

Gebruik die volgende assesseringsruit tesame met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp, maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek, maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind feite met onderwerp. (31 – 45)

(5)
[50]

VRAAG 9

OPSTELANTWOORD

Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid en beklemtoon kortliks die doeltreffendheid van die metodes waardeur uitvoere bevorder word.

INLEIDING

Uitvoerbevordering is wanneer die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere en dienste aan te moedig wat uitgevoer kan word. ✓✓✓ **Maks 3**

INHOUD

REDES

- Om betekenisvolle uitvoergeöriënteerde ekonomiese groei te bewerkstellig ✓✓
- Uitvoer vergroot produksiekapasiteit van land omdat meer en groter vervaardigingsnywerhede opgerig word ✓✓
- Die eerste stap om uitvoergeöriënteerde ekonomiese groei te bewerkstellig is om beleide te implementeer wat vestiging van nywerhede aanmoedig om goedere en dienste vir uitvoermarkte te vervaardig ✓✓

METODES

Uitvoere word aangemoedig deur:

- **Aansporings** ✓✓ Uitvoeraansporings sluit inligting oor uitvoermarkte, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoertariewe, uitvoerkrediet en uitvoerkredietwaarborge en publisiteit wat suksesvolle uitvoerders aanprys, in ✓✓ dit sal vervaardigers aanmoedig om uit te voer en die volume van hul produksie te verhoog ✓✓
- **Direkte subsidies:✓✓ (Affekteer staatsuitgawes)✓✓**
- Sluit kontantbetalings aan uitvoerders, terugbetaling van invoertariewe, indiensnemingstoelaes en hulp met finansiering van uitvoere. ✓✓
- Verminder produksiekoste✓✓
- Verhoog die mededingendheid van uitvoerder✓✓
- Ondersoek en vestig oorsese markte✓✓
- **Indirekte subsidies: ✓✓(Affekteer staatsinkomste)✓✓**

  Vorme:
- **Belasting rabatte** ✓✓– ‘n Gedeelte van produksiekoste kan van jaarlikse inkomstebelasting verhaal word.✓✓
- **Terugbetaal van sekere belasting** ✓✓– Invoerbelasting word betaal op goedere invoer, uitvoerder kan gedeelte van daardie belasting terugeis.✓✓
- Laat mppy toe om nie sekere belastings te betaal nie, wat hul pryse verlaag en instaatstel om op internasionale markte mee te ding.✓✓
- Algemene belastingkortings, belastingkonsessies op winste gemaak uit uitvoere of op kapitaal belê om uitvoergoedere te produseer.

Uitdaging vir regerings is om aansporings en subsidies op so ‘n wyse te ontwerp dat

pryse van uitvoergoedere nie as prys-dumping gesien kan word nie ✓✓

1) Handelsneutraliteit ✓✓ kan bereik word indien aansporings ten gunste van uitvoerproduksie ingestel word tot 'n punt waar dit die impak van bestaande beskermingsmaatreëls neutraliseer ✓✓ bv. Subsidies gelyk aan die bedrag van invoertariewe kan betaal word ✓✓

2) Uitvoerverwerkingsones (UVS'e) ✓✓ is vryhandelenklawes binne beskermde gebied – is omheinde en beheerde nywerheidspark wat buite land se doeanegebiede gevestig is, en gewoonlik naby 'n hawe of lughawe geleë ✓✓

Nota: Vir die antwoord m.b.t. die doeltreffendheid van uitvoerbevorderingsmetodes, kan 'n maksimum van 5 punte toegeken word.

VOORDELE

- Geen beperkings op grootte en skaal ✓✓ aangesien wêreldmarkte baie groot is ✓✓
- Gebaseer op koste en doeltreffendheid van produksie ✓✓ en georganiseer op grond van komparatiewe voordele ✓✓
- Toename in plaaslike produksie ✓✓ uitvoere groei – laat meer invoere toe en gevolglike terugwaartse skakelingseffekte stimuleer binnelandse produksie in verwante nywerhede ✓✓
- Wisselkoerse is realisties ✓✓ en daar is geen behoefte aan valutabeheer en kwantitatiewe beperkings nie ✓✓
- Waarde kan toegevoeg word tot die natuurlike hulpbronne van 'n land.✓✓
- Skep werksgeleenthede✓✓
- Het 'n positiewe effek op die betalingsbalans.✓✓
- Laer binnelandse pryse✓✓

NADELE

- Werklike produksiekoste ✓✓ subsidies en aansporings verminder totale produksiekoste wat van verkope verhaal moet word ✓✓ werklike produksiekoste gevolglik deur subsisies verberg ✓✓ produkte kan daarom nooit in 'n ope mark meeding nie ✓✓
- Gebrek aan mededinging ✓✓ besighede vra pryse wat so laag is, dat hulle mededingers uit die mark dryf ✓✓
- Meer tariewe en kwotas ✓✓ Teen die gees waarvoor die WHO voorsiening maak.✓✓Oorsese mededingers kan met tariewe en kwotas reageer ✓✓ as goedere plaaslik teen pryse laer as werklike produksiekoste verkoop word ✓✓ (Uitvoersubsidie en Storting)

- Beskerming van arbeidsintensiewe bedrywe ✓✓ ontwikkelde lande behou hoë vlakke van effektiewe beskerming vir hul nywerhede wat arbeidsintensiewe goedere produseer, waarin ontwikkelende lande alreeds 'n komparatiewe voordeel geniet of kan geniet✓✓

- Die ontrekking van aansporings lei dikwels tot die sluiting van besighede✓✓

- Aansporings lei tot ondoeltreffende produksieprosesse✓✓

Maks (36 + 4) 40

SAMEVATTING

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat beskerming steeds 'n betekenisvolle rol in die Suid-Afrikaanse internasionale handelsbeleid speel. ✓✓ **(5)**
(Enige ander relevante samevatting kan aanvaar word.) **[50]**

Gebruik die volgende assesseringsruit saam met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp, maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek, maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

VRAAG 10

NIE-OPSTELANTWOORD

Skryf 'n sakebrief aan die Minister van Toerisme, waarin jy die voordele van toerisme bespreek en ook die voordele wat die relevante toerismegroeibeleide ten opsigte van belasting en infrastruktuurontwikkeling vir Suid-Afrika inhou.

Rig die brief aan:

Die Minister
Departement van Toerisme
Posbus 1001
PRETORIA
0001

Jy is 'n SEB-konsultant, S Sithole. Gebruik jou eie adres as besigheidsadres.

Jou eie adres ✓

Datum ✓

Die Minister
Departement van Toerisme
Posbus 1001
PRETORIA 0001 ✓

Meneer/**Mevrou** (Max 3)

VERWYSING: VOORDELE VAN TOERISME EN GROEIBELEIDE ✓✓✓

1. Voordele van toerisme

Suid-Afrika word direk bevoordeel deur toerisme, a.g.v. die groei wat dit veroorsaak in BBP, owerheid, infrastruktuurontwikkeling en blootstelling aan buitelanders. ✓✓
'n Belangrike meevaller is die verdienste aan buitelandse valuta. ✓✓
(Aanvaar enige verwysing of inleiding vir maksimum 3 punte)

Die volgende sektore word die meeste bevoordeel deur toerisme:

1.1 Huishoudings ✓✓

Bevoordeel deur drie belangrike effekte van voorspoed:

- Hulle ontvang inkome, a.g.v. salarisse en lone deur indiensname ✓✓ en hul eie aktiwiteite in die toerismebedryf.
- Die meeste van die infrastruktuur wat geskep word vir toerisme, word ook gebruik deur die plaaslike inwoners ✓✓
- (Bv.) paaie, hotelle ✓✓
- Toerisme vereis 'n aantal vaardighede, wat onderwys en opleiding vereis ✓✓

1.2 Die Regering ✓✓

- Die vernaamste voordeel vir regerings is deur heffing van belastings. ✓✓
- Hierdie belastings het 'n **tweeledige doel** ✓✓
- **Om eksterne koste te verhaal** ✓✓ Hierdie koste word verhaal van die toeris deur die byvoeging van belasting tot die verkoopprys. ✓✓
- (Bv.) deur toeristebelasting. ✓✓
- Hierdie bedrag dien as vergoeding vir die gasheergemeenskap vir verskaffing van infrastruktuur, basiese dienste en openbare geriewe (storte, toilette). ✓✓
- **Om inkomste te verdien.** ✓✓ Toeriste word gesien as deel van die algemene belastingbasis.✓✓
- Bv. Deur lughawevertrekbelasting, belasting op vlugkaartjies en op hotelbesetting. ✓✓

1.3 Besighede ✓✓

- Infrastruktuur vir ekonomiese en basiese dienste word normaalweg deur die openbare sektor voorsien. ✓✓
- Dit word as basis vir 'n superstruktuur gebruik wat bestaan uit besighede wat akkommodasie, vervoer, asook kleinhandels- en ontspanningsdienste voorsien. ✓✓
- Toerisme bevorder sekere sosio-ekonomiese strewes soos entrepreneurskap-ontwikkeling, Swart Ekonomiese Bemagtiging en KMMO-ontwikkeling.
- Normaalweg is dit privaatsektoraktiwiteite en is dit dié element van 'n toerisme-bestemming wat wins genereer. ✓✓
- In baie gevalle word egter kombinasies van openbaresektor- en privaatsektorfinansiering gebruik om bestemmings te ontwikkel. ✓✓
- Die openbare sektor voorsien ook 'n reeks finansiële aansporings (toelaes, subsidies, lenings en belastingkortings) vir investering deur die privaat sektor in toerisme.✓✓
- Daar is baie geleenthede van 'n minder tradisionele en meer informele aard en dien as vastrapplek vir die voorheen benadeelde groepe in die toerisme-bedryf.✓✓
- Bv. Motorverhurings en verkoop van kunsitems, handwerk en aandenkings.✓✓

1.4 Infrastruktuur ✓✓

- Voldoende infrastruktuur vir ekonomiese en basiese dienste, wat goed onderhou word, is noodsaaklik vir toerismebestemmings. ✓✓
- Ekonomiese infrastruktuur is deur die Departement van Toerisme as prioriteit bepaal om toerismegroeigebiede te ondersteun.✓✓
- Bv. Skaars elemente soos strande, riviere en toegang tot mere is hierby ingesluit. ✓✓
- Sosiale infrastruktuur verkry ook aandag. ✓✓
- Bv. Ambulansdienste, medisyne, klinieke en hospitale, polisiebeskerming en inligtingsdienste.✓ ✓

MAKS 28

2. Toerismegroeibeleide

2.1 Belasting ✓✓

- Daar is 'n toename in die aantal lande wat nou toerismebelasting hef. ✓✓
- Dikwels word sulke belasting bloot as bron van inkomste gebruik. ✓✓
- Die WRRT het voorgestel dat dié belasting gehef moet word volgens die volgende riglyne: ✓✓
- **Billikheid** ✓✓ Belasting moet billik wees in vergelyking met die ander sektore in van ekonomie. ✓✓
- Bv. Belasting op 'n vliegtuigkaartjie. ✓✓
- **Doeltreffendheid** ✓✓ Belasting moet die minimum effek hê op die vraag na reis en toerisme.✓✓
- Bv. Toegangsgeld by wild-en natuurreservate. ✓✓
- **Eenvoud** ✓✓ Dit moet maklik wees om die belasings te betaal en te administreer. ✓✓ die belasting word as 'n uniforme tarrief, en nie as 'n persentasie gehef nie. ✓✓

Maks 6

2.2 Infrastruktuurontwikkeling ✓✓

- Paaie en basiese dienste is van kritieke belang vir die doeltreffende funksionering van die ekonomie. ✓✓
- Infrastruktuur moet deeglik onderhou word in die belang van plaaslike inwoners, binnelandse en buitelandse toeriste. ✓✓
- Die volgende basiese oorwegings verdien aandag:
- **Opgradering:** Waar uitbreiding nie moontlik of relevant is nie, moet opgradering gedoen word. ✓✓
- Bv. Grondpaaie moet geteer word. ✓✓
- **Nuwe tegnologie**: ✓✓ Waar dit relevant is, moet nuwe tegnologie in vervoer en kommunikasie geïmplementeer word. ✓✓
- Dit is belangrik vir effektiewe bemarking, promosie en distribusie van reis- en toerismeprodukte, dienste en toerisme-informasie binnelands en internasionaal. ✓✓
- **Infrastruktuur:** Die toeganklikheid en infrastruktuur in die landelike gebiede moet verbeter word. ✓✓
- Bv. sekondêre paaie moet onderhou word; dit sal binnelandse toerisme dramaties laat groei.✓✓

Maks 6
Maks 40

Die uwe ✓

_____ (handtekening) ✓
S SITHOLE

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp, maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek, maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

(5)
[50]

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou